University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



## HOOFSTUK 4

## GODSDIENS EN ONDERWYS IN DIE KAMPE

Die Anglo-Boereoorlog het by talle burgers die gevoel laat ontstaan dat hulle bestaan en opvattinge bedreig word. Hierdie gevoel van bedreiging is verskerp deur die gedwonge samekoms van mense, en die gepaardgaande onsekerheid wat deur die vreemde omstandighede veroorsaak is. Onder hierdie omstandighede sou die meerderheid burgers te velde, maar ook dié in die krygsgevangekampe, die waarde van godsdiens opnuut besef en 'n geestelike verdieping beleef. Met die verloop van die stryd, veral nadat die gety teen die Boere begin draai het, het hierdie verdieping te velde, en ook in die krygsgevangekampe, inniger geword.[1]

In die krygsgevangekampe was godsdienstige aktiwiteite vir die meeste krygsgevangenes dus 'n noodsaaklikheid. Kerkdienste is nie net gereeld en in groot getalle bygewoon nie, maar die godsdienstige verenigingslewe het ook 'n opbloei beleef.

### 1. Predikante in die kampe

In die krygsgevangekampe het die krygsgevangenes volkome vryheid geniet om hulle godsdiensoefeninge te hou. Die owerheid het hom wel die reg voorbehou om predikante in die kampe toe te laat of te weier. Slegs "goedgekeurde" predikante is toegang tot die kampe verleen. Voordat predikante dus deur die onderskeie kerke na die kampe afgevaardig kon word, moes die toestemming van die militêre owerheid daarvoor verkry word. In hierdie verband het die Nederduitse Gereformeerde Kerk die voortou geneem. Die getal predikante van hierdie kerk wat uiteindelik in die kampe werksaam was, het dié van die ander twee kerke (Gereformeerde Kerk en Hervormde Kerk) ver oorskadu. Dit is waarskynlik te wyte aan die feit dat die ander twee kerke hulle grootste getal gemeentes in die Z.A.R. en die Vrystaat gehad het. Maar ook omdat

---

1 F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 171, 186-187.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



80 persent van die burgers ledemate van die N.G. Kerk was.[2]

'n Afvaardiging van die N.G. Kerk het derhalwe in 1900 'n onderhoud met die Goewerneur van die Kaapkolonie gehad. Tydens die onderhoud is die deportasie en die geestelike versorging van die krygsgevangenes bespreek. Sir Alfred Milner het geen beswaar daarteen gehad dat 'n predikant as kapelaan toegelaat word nie.[3]

Na die onderhandelinge het die N.G. Kerk ds. W.A. Alheit van Ceres in Maart 1900 na Groenpunt afgevaardig. Hy was verantwoordelik vir die geestelike versorging van die Groenpuntgevangenes, en was as kapelaan by kolonel Money se staf. So is daar dus 'n begin gemaak met die godsdienstige bearbeiding van die krygsgevangenes.[4]

Die besoekende predikante, soos ds. Alheit, wat in Groenpuntkamp gepreek het, het gewoonlik beurtelings vir 'n paar maande in die kampe diens gedoen. Onder die talle predikante wat in Groenpuntkamp as kapelane werksaam was, was di. A.G. du Toit van Prins Albert, Andrew Murray van Wellington, W.A. Alheit, en M.C. Botha van Kaapstad. Predikante wat die kamp van tyd tot tyd besoek het, was onder meer di. J. du Plessis van Seepunt, J. van Heerden van Kaapstad, E. de Beer van Kaapstad, C.J. Snyman van Ventersburg, en A.M. MacGregor van Kaapstad. Ook professor N. Hofmeyr van die Teologiese Seminarium te Stellenbosch het in Groenpuntkamp gepreek.[5]

---

2 TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kampkommandant, Ladysmith: Rules and regulations regarding prisoners of war in camps, 1900.09.17; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 291-292; F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 171; B. Booyens, *De Gereformeerde Kerkbode* (1849-1923), p. 140.

3 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 292-293.

4 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 292; B. Booyens, *De Gereformeerde Kerkbode* (1849-1923), p. 140; Kotie Roodt, Godsdiens in die Krygsgevangenekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1034), 1942.01.16, p. 7.

5 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 292-294; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.11, pp. 49-69; *De Kerkbode* 3(18), 1900.01.17, p. 34; TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis boek*, pp. 21-22; *Alamanak voor het Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika voor het jaar 1900*, pp. 110-112; Kotie Roodt, Godsdiens in die krygsgevangekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1034), 1942.01.16, p. 7.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



In die kampe was daar gewoonlik onder die krygsgevangenes self ook predikant-krygsgevangenes. Onder die krygsgevange predikante in Groenpunt was daar di. D. Minnaar van Heilbron en G. Thom van Frankfort. Volgens G.S. de Villiers is net sekere krygsgevange predikante toegelaat om in die kamp te preek. Hieronder tel di. D. Minnaar van Heilbron, Louw van Heidelberg, Transvaal, en C.J. Snyman van Ventersburg. Daar was ook ds. P. Postma van die Gereformeerde Kerk van Pretoria.[6]

Op 24 Julie 1900 het ds. Alheit se dienstermyn na vier maande in Groenpunt verstryk. Dominee D.S. Botha van Swellendam het sy plek ingeneem, maar hy was slegs bereid om ses weke in die kamp te bly. Intussen het eerwaarde P.M. Spratt van Senekal (hy was van die N.G. Kerk, en is in 1905 gelegitimeer), self 'n krygsgevangene, met die geestelike werk gehelp.[7]

Ds. S. Botha is opgevolg deur ds. A.G. du Toit van Prins Albert. Tussen ds. Botha se uittrede as kapelaan en ds. Du Toit se diensaanvaarding (van 26 September tot 18 Oktober 1900), was die bekende dr. Andrew Murray van Wellington in Groenpuntkamp werksaam.[8]

In hulle bediening is die kapelane in Groenpuntkamp deur die krygsgevangenes se eie kerkraad bygestaan. Die kapelane het nie in die kamp gewoon nie. Hulle is die kamp soggens binnegelaat, maar moes dit weer voor sesuur saans verlaat.[9] Die predikante het ongetwyfeld veel beteken vir

---

6 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 292-294; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.11, pp. 49-69; *De Kerkbode* 3(18), 1900.01.17, p. 34; TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis boek*, pp. 21-22; *Alamanak voor het Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika voor het jaar 1900*, pp. 110-112; Kotie Roodt, Godsdiens in die krygsgevangekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1034), 1942.01.16, p. 7.

7 TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis boek*, pp. 21-22; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), p. 112; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.07.01, p. 68 en 1900.07.24, p. 78; Kotie Roodt, Godsdiens in die krygsgevangekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1034), 1942.01.16, p. 7; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 294.

8 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.09.23 - 1900.10.29, pp. 90-97; TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 22; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, pp. 41-42; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 295-296.

9 C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 42.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



die krygsgevangenes in die kampe. Hulle het geld, kos, klere, boeke (waaronder Bybels en gesangeboeke), tydskrifte en musiekinstrumente ingesamel, en na die krygsgevangekampe gestuur. In die kampe was dit die predikante wat skole en katkisasieklasse georganiseer het en verder op geestelike gebied leiding gegee het.[10]

Voordat die krygsgevangekamp te Simonstad opgerig is, het ds. G.F.C. van Lingen van die N.G. Kerkgemeente na die krygsgevangenes op die transportskepe se sieleheil omgesien. Nadat eers South Camp en later Bellevue-kamp in dié se plek in Simonstad opgerig is, het ds. Van Lingen ook daar gearbei. Besoekende predikante, soos di. J.P. van Heerden en D.H. Celliers en ook Andrew Murray, het ook van tyd tot tyd in die kamp te Simonstad gepreek.[11] Proponent J.A. van Blerk was sedert Julie 1900 vir 'n tyd lank ook in Bellevue werksaam en het veral waardevolle diens ten opsigte van siekebesoek gelewer. Die kampowerheid te Bellevue het, soos dié te Groenpunt, ook krygsgevange predikante soos onder meer ds. H.J.L. du Toit, toegelaat om herderlike take in die kamp te verrig.[12] Eerwaarde J.P. Legg, die Anglikaanse predikant van Simonstad, het ook eenmaal nagmaal aan die Engelssprekende krygsgevangenes (Vrystaters) kom bedien.[13]

Dit blyk dat die predikante hulle nie noodwendig altyd streng by die Britse kampregulasies gehou het nie. Ds. Van Lingen het, siende dat briewe wat aan die krygsgevangenes in die kamp gestuur is gesensor moes word, onder meer aangebied om familielede se briewe en navrae oor Boere-krygsgevangenes (wat moontlik nie deur die sensors toegelaat sou word nie) te beantwoord. Poswissels, eetware, skoon klere, Bybels en Gesangeboeke kon ook na hom gestuur word sodat hy dit onder die gevangenes kon versprei.[14] Proponent W.J. Theron het in April 1901 die leisels

---

10 *Ibid.*; Kotie Roodt, Godsdiens in die krygsgevangekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1034), 1942.01.16, p. 7; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.03.25, p. 52; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, pp. 316, 320; K. Roodt-Coetzee, *Die lief een leed van die banneling ...*, p. 529.


11 *De Kerkbode* 45 (16), 1899.11.09, p. 707; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 296.

12 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...*, p. 296.

13 W.J. de Kock, Met die Boere agter doringdraad *Die Huisgenoot* 42(2393), 1968.02.09, p. 19.

14 *De Kerkbode* 45 (16), 1899.11.09, p. 707.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



**Figuur 49:** 'n Godsdiensoefening op die groot pawiljoen in Groenpuntkamp. Hoewel die godsdienstige byeenkomste deur groot hoeveelhede krygsgevangenes bygewoon is, was daar krygsgevangenes wat onverskillig daarteenoor gestaan het.
Uit: S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van...* (Red. T. Van Rensburg, Pretoria, 1977), p.103).

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



in Bellevue-kamp by ds. Van Lingen oorgeneem. Hy was Sondae en twee dae per week in die kamp werksaam. Tydens nagmaal in Bellevue-kamp is wyn in groot blik bekers bedien.[15]

In Tin Town het daar in 1900 ene ds. Heyns (waarskynlik M. Heyns van Fouriesburg) diens gedoen. Hy is weens gesondheidsredes in Februarie 1901 deur ds. J.A. Pienaar van Durban opgevolg, in wat *De Kerkbode* 'n "moeilike werkkring" genoem het.[16]

Dit is onbekend watter predikante in Umbilo-kamp arbeidsaam was, maar die kamp is waarskynlik deur predikante uit die onmiddellike omgewing en verder uit Natal bedien. Soos in die ander kampe die geval was, sou daar ook krygsgevange predikante in hierdie kamp gewees het wat onder die krygsgevangenes werksaam was.

2. Godsdienstige byeenkomste en godsdienstige verenigings

Groenpuntkamp het 'n besige godsdiensprogram gehad. Sondae het ds. Alheit en sy opvolgers gewoonlik twee eredienste - soggens en smiddae - waargeneem. Die oggenddiens, wat om nege-uur gehou is, was die weeklikse kerkparade ("church parade") soos deur Britse regulasies bepaal. Albei kerkdienste is gewoonlik deur honderde krygsgevangenes bygewoon, sodat die groot pawiljoen langs die renbaan stampvol was.[17] (Sien Figuur 49)

Menige krygsgevangene is diep deur die "mooie gedachten en ... die gepaste woorden" (volgens Hugo van Niekerk) van die preke geraak. Dit blyk dat die temas van die meerderheid preke in Groenpunt, en in ander kampe, gehandel het oor die toevlug tot God, en die vertroue wat die gevangenes in Hom moes stel. 'n Tema wat ook deurgeskemer het was dat die lyding van die Afrikanervolk 'n straf vir sy afdwaling en ongeregtigheid was. Deur hierdie temas is die

15 *De Kerkbode* 15 (18), 1901.04.18, p. 324, 48 (18), 1901.05.12, p. 654.

16 *De Kerkbode* 25 (18), 1901.06.27, p. 374; *Alamanak voor het Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika voor het jaar 1901*, p. 112.

17 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.09.30 en 1900.03.22 - 1900.03.26, pp. 50-54; TAB, Pretoria, S.O.P. 4, PR/A 531: Kol. C. Heyman - Kamp-kommandant, Ladysmith: Camp Routine, 1900.09.17; L.A. Changuion, Die lewe in die Groenpuntkrygsgevangekamp..., *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 10(2) 1996.11, p. 67.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



krygsgevangenes verootmoedig, maar ook versterk. Dit het dit vir hulle makliker gemaak om hulle gevangenskap te verduur.[18]

'n Verskeidenheid ander godsdienstige byeenkomste het in die krygsgevangekampe in Suid-Afrika voorgekom. In Groenpunt en Bellevue is daar in vele tente daagliks bidure gehou. Later is daar tesame met die bidure ook openbare dienste gehou.[19] Dit wil voorkom of die bidure 'n algemene verskynsel in die Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe was, want J.A. de Villiers skryf in sy dagboek dat daar elke oggend en aand biduur in Tin Town gehou is.[20]

'n Algemene verskynsel in die kampe was die aanwesigheid van godsdienstige verenigings. Veral die Christelike Jongeliedevereniging was aktief in die kampe. Die vereniging het reeds so vroeg as Februarie 1900 in Bellevue bestaan, terwyl 'n tak ook in April 1900 in Groenpunt gestig is. In Groenpuntkamp het hierdie vereniging soms twee keer per week, onder voorsitterskap van die kapelaan, vergader. Buitelugdienste, soos die een waartydens Philip Cronjé doodgeskiet is, is ook saans gehou.[21] Buiten hierdie gereelde byeenkomste is daar van tyd tot tyd "Bijbellezings" deur die predikante in die namiddae gehou.[22]

In die godsdienstige verenigingslewe van die krygsgevangenes het die predikante normaalweg die leiding geneem. Die Christelike Jongeliedevereniging in Groenpunt het onder voorsitterskap van ds. W.A. Alheit gestaan. Die doelstellings van dié soort verenigings in die algemeen was om die

---

18 Kotie Roodt, Godsdiens in die krygsgevangekampe II, *Die Huisgenoot* 26 (1035), 1942.01.23, p. 9; Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.07.14 - 1900.10.11, pp. 71-95; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ... (red. T. van Rensburg), pp. 114-115.

19 TAB, Pretoria, W 218, G.S. de Villiers, *Gedachtenis boek*, p. 23; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 42.

20 KAB, Kaapstad, A 630, Dagboek van J.A. de Villiers, 1901.06.23 - 1901.06.30, p. 10.

21 KAB, Kaapstad, A 24, *The Tick* 1, 1902.06.05, p. 1; OB: Dagboek 1679/1, Dagboek van J.W. Kok, 1900.03.29, p. 41; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 321- 322; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 42.

22 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.10.02 - 1900.10.08, pp. 93-94.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Bybelkennis van die gevangenes uit te brei, en om hulle nuttiger in diens van die Here te maak.[23]

In Bellevue-kamp was daar, veral onder die jongmense, 'n groot belangstelling in die sending. Talle van die jongmense wou hulle, volgens *De Kerkbode*, na die Oorlog aan sending wy. Om hulle daarvoor gereed te maak, is daar toe 'n sendingklas in Januarie 1902 begin.[24]

In al die Boerekrygsgevangekampe is daar op uitgebreide skaal met Sondagskool en katkisasieklasse deur krygsgevange onderwysers aangebied. Die katkisasieklasse is gewoonlik daagliks gehou. In Desember 1900 is daar reeds 405 katkisante in Groenpuntkamp tot lede van die N.G. Kerk aangeneem. Op 4 April 1901 is 171 krygsgevangenes weer aangeneem, en in die namiddag van Goeie Vrydag is dié nuwe lede aan hulle medegevangene gemeente voorgestel. Gebrekkige skoolopleiding was in die katkisasieklasse in al die kampe 'n onverwagte struikelblok vir die katkisante. Enkele van die gevangenes se leeskennis was so gebrekkig dat hulle nie kon katkiseer nie. Die predikante het gevolglik begin om kampskole te organiseer, waar die lees- en skryfkennis van die gevangenes (jonk en oud) verbeter kon word, sodat hulle kon katkiseer. Die katkisasieklasse was dus die baanbrekers vir die gewone skoolonderwys in die krygsgevangekampe.[25]

3. Hernude godsdiensywer

Soos hierbo genoem, was daar in die Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe 'n godsdienstige oplewing onder die krygsgevangenes. Buiten vir die kerkdienste wat in groot getalle bygewoon is en inskakeling by die vele godsdienstige verenigings, het krygsgevangenes ook individueel hulle godsdiens beoefen deur die lees van die Bybel, sang, gebede en bepeinsing.

---

23 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.04.02, p. 50; Kotie Roodt, Godsdiens in die krygsgevangekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1034), 1942.01.16, p. 47; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 321- 322.

24 *De Kerkbode* 3 (19), 1902.01.23, p. 29.

25 *De Kerkbode* 14(18), 1901.04.11, p. 222; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 333; Kotie Roodt, Godsdiens in die krygsgevangekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1034), 1942.01.16, p. 7; K. Roodt-Coetzee, *Die lief een leed van die banneling* ..., p. 529.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



Soms het individue deur hulle optrede hulleself egter die gramskap van die ander gevangenes op die hals gehaal. In *The Skyview Parrot* het die volgende beriggie byvoorbeeld verskyn: "To sing is one thing, but to get up at four o'clock in the morning and roar the 120th psalm at the top of one's voice is another thing. The person who performed this Herculanean feat and who resides in House C. Skyview, has now a great number of boots and shoes, to say nothing of an inumerable quantity of beakers for sale."[26]

Op 'n ernstiger noot, het vele krygsgevangenes in Tin Town teen die eerste helfte van 1901 hulle begerigheid uitgespreek om die Heer alleen te dien. Meegevoer deur hulle godsdiensywer het talle gevangenes tydens gebedsweke vir die eerste keer in die openbaar gebid. Ds. Pienaar wat in Tin Town diens gedoen het, skryf na aanleiding hiervan in *De Kerkbode* dat "Menigen avond kon ik bijna niet amen! zeggen; want twee, drie, vier begonnen soms te gelijk."[27] Die godsdiensherlewing het ook daartoe gelei dat menige krygsgevangene sy rug gekeer het op dit wat beskou is as openbare sonde, soos kaartspel en dobbel, waaraan hy eers deel gehad het.[28]

Dit wil voorkom of die godsdiensherlewing in 'n groot mate deur die verloop van die oorlog beïnvloed is. Veral in 1902, in die maande voor vredesluiting, het die getal gelowiges daagliks gegroei. In Simonstad was daar byvoorbeeld krygsgevangenes wat oor byna niks anders as godsdiens gepraat het nie. Vele krygsgevangenes het nietemin met die gelowiges gespot, terwyl ander aanstoot geneem het in dit wat hulle as 'n valse gees veroordeel het.[29]

## 4. Onderwys in die kampe

Dit is reeds genoem dat gewone skoolonderrig in die kampe ontstaan het weens die gebrekkige lees- en skryfkennis van die katkisante. Dit was die predikante en die onderwysers in die krygsgevangekampe wat die eerste kampskole georganiseer het. Hierdie onderwys was egter nie

---

26 SAB, Kaapstad, MSB 684, *The Skyview Parrot* 1(3), 1901.10.02.

27 *De Kerkbode* 25(18), 1901.06.27, p. 374.

28 *De Kerkbode* 25(18), 1901.06.27, p. 374.

29 *De Kerkbode* 19(19), 1902.05.15, p. 377 en *De Kerkbode* 24 (19), 1902.06.19, p.434.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



net tot die jonger krygsgevangenes beperk nie, want mense van alle ouderdomme het hulle spoedig by die skoolgaandes aangesluit.

Skoolonderrig in Groenpunt en die ander Suid-Afrikaanse kampe het in vergelyking met die oorsese krygsgevangekampe maar op 'n beskeie skaal plaasgevind. Daar is eers laat in 1900 met gewone skoolonderwys in Groenpunt begin. Die rede hiervoor was waarskynlik dat daar aanvanklik nie genoeg seuns (van om die tien en twaalfjaar) was om 'n skool mee te begin nie, omrede die gevangenes gedurig uit die kampe aan die Kaapse en Natalse kus verskuif is. Daar was wel genoeg seuns van 'n meer gevorderde ouderdom, wat voorberei moes word vir die aanneming. In Groenpunt was dit ds. Alheit wat begin het om onderwysers en ander krygsgevangenes aan te stel, om skole op te rig waar jongelinge voorberei kon word vir aanneming tot lidmate van die kerk.[30]

Die aanvanklike onderwys is veral op die aanleer van lees- en skryfkennis toegespits. Die kamponderwysers sou ongetwyfeld later ook klem op rekenkunde en vaderlandse geskiedenis gelê het. Reeds vanaf die aanvang van skoolonderrig in die kampe, was daar 'n groot behoefte aan skoolboeke om die nodige onderrig te verskaf. Groenpuntkamp het byvoorbeeld geen noemenswaardige biblioteek gehad nie, en die Britse kampowerheid het aanvanklik ook geen boeke aan die gevangenes verskaf nie. Hulle het ook geen aandeel in die onderwysbedrywighede in dié kamp gehad nie. Die besoekende predikante, en goedgesinde Kapenaars, het egter gesorg dat die behoefte aan boeke in Groenpunt in 'n mate vervul word.[31]

Tot aan die begin van 1901 was die kamponderwys in die krygsgevangekampe in die hande van die gevangenes self, en het die onderwysers dit uit die liefde vir die saak en volgens hulle eie "leerplanne" gedoen. In Januarie 1901 het die Britse regering 'n direkteur van onderwys aangestel, wat verantwoordelik was vir onderwys in sowel die konsentrasiekampe as die krygsgevangekampe. Van toe af is die onderwysers in die Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe

---

30 K. Roodt-Coetzee, *Die lief een leed van die banneling* ..., p. 527; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van* ...(red. T. van Rensburg), p. 108; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 40; Kotie Roodt, Godsdiens in die krygsgevangekampe, *Die Huisgenoot* 26 (1034), 1942.01.16, p. 7.

31 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 355-357; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers*, p. 40.

University of Pretoria etd- Changuion L A 2000



van boeke en geboue voorsien, en ook £2 10s. per maand betaal. Daar is toe ook begin om die "School Hooger en Matriculatie Examens" in die kampe af te lê.[32]

Nie net jong seuns nie, maar ook gevangenes van alle ouderdomme is in kampskole in die verskillende kampe onderrig. Ook diegene wat reeds die skool deurloop het, het hulle in spesiale vakke laat onderrig.[33] Hugo van Niekerk noem byvoorbeeld dat lesse in boekhou en ook in snelskrif, wat hy en ander gevangenes bygewoon het, in Groenpunt gehou is.[34] Deur hierdie soort opleiding is die krygsgevangenes in die algemeen beter voorberei op die nuwe en vreemde omstandighede wat ná die oorlog op hulle gewag het.[35]

Terug by die huis moes die krygsgevangenes na die oorlog onder veranderde omstandighede, van nuuts af begin. Hoër kwalifikasies sou hulle dus goed te pas kom. Talle krygsgevangenes is deur kamponderwys in die kampe ook geprikkel tot latere voortgesette studie, want die kampskole het 'n nuwe begeerte na kennis en studie in hulle wakker gemaak.[36]

'n Krygsgevangene in Deadwoodkamp, St. Helena, skryf dat baie van die gevangenes "toen hij zijn ballingoord betrad,òf in't geheel niet, òf gebrekkig lezen en schrijven. Van rekenen, aardrykskunde, geschiedenis, hadden velen niet het flaauwste begrip. Honderden van hier zijn teruggekeerd met voldoende kennis voor het leven toegerust."[37] Hierdie woorde is nie net op Deadwoodkamp nie, maar ook op die kampe in Suid-Afrika van toepassing.

---

32 K. Roodt-Coetzee, *Die lief een leed van die banneling* ..., p. 527; *De Kerkbode* 14 (18), 1901.04.11, p.222; L.A. Visagie, *Terug na kommando*, p. 36.

33 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 353.

34 Hugo H. van Niekerk, Dagboek van ... (red. M.C.E. van Schoor), *Christiaan de Wet-Annale 1*, 1900.09.29 - 1900.11.14, pp. 90-101.

35 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 353.

36 S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., pp. 381-382.

37 Soos aangehaal in S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes* ..., p. 357.